

## 6 Augustus

## Openbaring 2:18-29 (2:19,20)

### *Ware liefde is moeilik*

Die gelowiges in Tiatire word geprys oor hul liefde, geloof en diensvaardigheid. Anders as by die gelowiges in Efese (Op 2:4) het hulle liefde oor die jare nie verflou nie. Tog was alles nie pluis nie. Daar was klaarblyklik 'n vrou in die gemeente (vers 20) wat haar as profetes voorgedoen het en lidmate verlei het om onsedelikheid te bedryf en afgodsoffervleis te eet. Die gemeente het nie teen haar opgetree nie, maar haar laat begaan. Dit hou die Here teen die gemeente.

Liefde vir God en liefde jou naaste is deel van 'n Christen se lewe. Liefde moet egter mooi onderskei word van sentimentaliteit. Om sentimenteel te wees beteken dat jy in die naam van liefde enige iets toelaat. Dit is geen ware liefde nie. Ware liefde beteken juis dat ons nie alles sal toelaat nie. Om in die naam van liefde nie teen 'n stout kind op te tree nie, is sentimenteel. Om ter wille van die vrede stil te bly wanneer iemand op 'n verkeerde pad is, is ook sentimenteel.

Om werklik lief te hê is soms moeilik. Liefde beteken jy moet praat en die regte pad wys. Liefde bring soms juis konflik. Ware liefde is daarop ingestel om hulle wat van God weg dwaal terug te bring na Hom toe sodat hulle nie deur God gestraf word nie.

Sing: Skrifberyming 41:2, 4, 5

Ds. E.J. de Beer (Laeveld)